Posbus 3185 • Swartstraat 5 • Lichtenburg • 2740

**Tel:** 018 632 3612/3624/2987
**Faks:** 086 524 7278
**E-pos:** marlize@agrinw.co.za • hessie@agrinw.co.za • wanda@agrinw.co.za

AGRI NW

# MEDIAVERKLARING

11 Julie 2018

## Is jy ook moeg, onseker en gefrustreerd?

Elke dag word die vrae in ons land net meer. Dinge word al meer onverklaarbaar en onverstaanbaar. Verduidelikings word al meer ongeloofwaardig en die antwoorde al minder, sê Agri NW se adjunk-hoofbestuurder, Naudé Pienaar.

Byna daagliks lees ons berigte van families wat 'n geliefde verloor het, 'n pa wat die enigste versorger van 'n gesin was, deesdae meer dikwels van 'n boer wat nie net sy gesin versorg het nie maar ook 'n werkgewer was van talle plaaswerkers. Nog bewyse van geld wat verduister is, nog bewerings van korrupsie, nog stakings wat besighede ontwrig, nog bewerings van wette wat selektief toegepas word, nog bewyse van wette wat glad nie toegepas word nie en nog betaalde amptenare wat geen werk doen en/of kan doen nie.

Die vraag is seker wat kan ons doen om die situasie op te los. Die antwoord hierop is dalk kompleks, ongewild en vir sommige moeilik om te aanvaar en te verstaan, sê Pienaar. Hy sê dit is dalk makliker om eers te fokus waarop ons as landbouers, besighede en dorpsbewoners nie kan doen nie, soos: Ons kan nie meer glo dat dit nie met ons kan gebeur nie. Ons kan nie meer wegkyk en glo dit sal verbygaan nie. Ons kan nie meer verwag dat iemand anders die verskil moet gaan maak nie. Ons mag nie deel raak van die verval en die chaos misbruik vir ons eie gewin nie. Ons kan nie meer lewe asof ons eie krag, vermoëns en geld ons gaan red nie.

Hy sê dat elkeen homself sal moet afvra wie is besig om teen groot en meestal teen eie koste die area waarin ons lewe se veiligheid te verseker? Wie beveilig paaie as die buitebande en klippe op die teeroppervlakte gepak word tydens onluste? Wie werk onverpoosd om beter dienslewering deur Munisipaliteite en Departemente te probeer bewerkstelling? Wie tree op teen ongeldige, onrealistiese en onregverdige eiendomsbelasting? Wie spandeer ure van hul eie tyd en baie geld om onreëlmatighede by ESKOM te ontbloot en onbetaalbare stygings te keer? Wie is elke week besig om slaggate te rapporteer, swak herstelwerk te rapporteer en te beding vir beter paaie? Wie werk onverpoosd om jou as individu se eiendomsreg en die markwaarde van jou eiendom te beskerm deur die voorgestelde verandering van Artikel 25 van die Grondwet teen te staan? Wie doen eindelose moeite om die besoedeling van drinkwater te verhoed en te verminder en die vernietiging van die omgewing deur bv. onwettige myne te stop? Wie moet ongegronde grondeise beveg om sodoende verdere vernietiging van produktiewe plase te verhoed? Wie is vreesloos besig om korrupsie te ontbloot en te rapporteer. Wie speel steeds 'n leidende rol om almal wat nog omgee bymekaar te bring om 'n beter toekoms vir ons kinders te probeer verseker?

Hy sê die antwoord hierop is maklik, Agri NW doen dit met die samewerking, ondersteuning en hulp van jou plaaslike en munisipale landbouvereniging. Daar word van boere verwag om deur al

Dagbestuur

**President:** Pierre Vercueil – 082 524 8636
**Vise-President:** Cobus van Zyl – 083 283 7076
**Vise-President:** Willem De Chavonnes Vrugt – 082 946 2303
**Uitvoerende Hoofbestuurder:** Boeta du Toit – 082 388 1722
**Adjunk-Hoofbestuurder:** Naudé Pienaar – 082 776 8283

hierdie uitdagings en dan nog die bedreiging van onteiening sonder vergoeding steeds suksesvol voedsel te produseer vir die hele land. Broodnodige voedsel wat ons almal nodig het om te kan voortbestaan.

Pienaar sê die tyd het aangebreek dat ons, ons self moet afvra kan ek dit bekostig om nie te help nie? Is dit reg om nie betrokke te raak nie? Is dit sinvol om altyd verdeeld te bly en vir elke moontlike oplossing ŉ probleem te identifiseer? Help dit enigsins om saam met die moedelose koor te sing dat dit reeds te laat is? Sekerlik nie!

Hy sê elkeen wat glo dat ons ook ŉ bestaansreg het, elkeen wat glo in regverdigheid, elkeen wat glo dat ons Hemelse Vader ons hier geplaas het met ŉ doel, moet die wilsbesluit neem om deel te wees van die oplossing, om betrokke te raak en om die verandering te help teweeg bring wat jy glo nodig is om ŉ ekonomiese, vooruitstrewende en stabiele land vir elke Suid-Afrikaner te help skep. Jy kan nie meer langer ŉ toeskouer wees nie, jou toekoms en dié van jou nageslag is in gedrang.

Kontak vandag nog jou plaaslike landbouleiers of Agri NW Hoofkantoor vir navrae oor hoe om betrokke te raak om ŉ verskil in jou eie lewe en die gemeenskap te maak!

**Uitgereik deur:**
Agri NW Korporatiewe Skakeling

**Navrae:**
Naude Pienaar
Adjunk-Hoofbestuurder: Agri NW
082 776 8283

Boeta du Toit
Uitvoerende Hoofbestuurder: Agri NW
082 388 1722